31 Oktober 2024

***Verklaring: CIRCoRe-bestuurskomitee***

Beste kollegas en studente

Die CIRCoRe-bestuurskomitee het Vrydag 25 Oktober 2024 ŉ noodvergadering belê na aanleiding van die gesamentlike verklaring deur die Universiteit Stellenbosch (US), die Vereniging vir die Bevordering van Wilgenhof-inwoners en die Wilgenhof-huiskomitee, wat Woensdag 24 Oktober 2024 uitgereik is.

Teen die einde van hierdie vergadering het ons tot die gevolgtrekking gekom dat daar min ontsag en waardering is vir die bedagsaamheid, energie en tyd wat die CIRCoRe-bestuurskomitee, saam met die lede van die CIRCoRe-proses en universiteitspersoneel en -studente, gesamentlik daarin belê het om die sentiment en aanbevelings van die Khampepe-kommissie van Ondersoek na Bewerings van Rassisme aan die US ten uitvoer te bring.

Gevolglik het ons, die hoofde van CIRCoRe se werkstrome, asook die eksterne adviseur as deel van die bestuurskomitee, ons kollektiewe bedanking uit CIRCoRe ingedien.

Sedertdien het ons met die Rektor vergader, waar ons die redes vir ons bedanking bespreek het en ook ons individuele verbondenheid tot die groter transformasieprojek aan die US, waaronder die doelwitte van CIRCoRe, beklemtoon het. Daarbenewens het ons ingestem om ŉ afsluitingsplan en -proses te ontwikkel om seker te maak dat die vordering wat reeds deur CIRCoRe gemaak is, nie verlore gaan nie.

CIRCoRe-lede en ander hoofrolspelers in die Universiteit, met inbegrip van die advieskomitee vir CIRCoRe, sal by die formulering van hierdie planne betrek word. Die afsluitingsplan sal dan deur die kantoor van die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, in werking gestel word.

Sodra die afsluitingsplan in oorleg met die betrokke individue en strukture gefinaliseer is, sal dit in ŉ bygewerkte verklaring met die Universiteitsgemeenskap gedeel word.

Ons wil graag almal wat hulle tyd, kundigheid en vaardighede ter bevordering van transformasie aan die instelling geskenk het, bedank en wil ŉ beroep op julle almal doen om saam met ons te werk terwyl ons die inisiatiewe en projekte wat in die werkstrome begin is, tot ŉ einde bring en alle aanbevelings wat gedoen is en dié wat nog in die ontwikkelingsproses is, in ŉ finale verslag saamvat.

**Die uwe**

Hoofde van die CIRCoRe-werkstrome,

naamlik

Professor Ronelle Carolissen

Dr Phila Msimang

Professor Kopano Ratele

Dr Leslie van Rooi

Dr Sharman Wickham

en Professor Andre Keet (eksterne adviseur)